LOURENSRIVIER GEMEENTE

Joh 12:24

"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug."

www.lourensrivier.co.za | Tel: 021 8535991

14 Januarie 2018

WELKOM BY ONS EREDIENS!

Diens: Ds Petrie de Villiers
2DE WEEK NA EPIFANIE
Fokusteks uit Leesrooster: 1 Kor 6:12-20
RCL tekste: Ps 139:1-18; 1 Sam 3:1-20
Joh 1:43-51
Deurkollekte: Uitreikfonds

WELKOM: Andre & Anna-Marie Thiart
Makwe Mission in Mosambiek

BELOFTELAND: Begin 21 Januarie

DINAMIET KIEDZ: 09h00-10h15

Begin 21 Januarie
ONS IS DRINGEND OP SOEK NA NOG LEIERS VIR DIE JAAR

KONTAK: Karin Kuys @ 0836430653

LIFELINE JEUG: Gr. 8 - 12
Begin weer 21 Januarie
Constant @ 072 224 3267
JT @ 082 585 7578

KNIEWERK:

- Petrie vir Boodskap
- Andre en Anna-Marie Thiart vir hul werk in Mosambiek
- Paul Louw in hospitaal
- Ons bid steeds vir reën, die droogte, ons waterkrisis en boere wat swaarkry
- Ons bid vir ons Gemeente, ons Leraars, ons Bedienings en die Koninkrykswerk wat hierdie jaar gaan plaasvind

FOKUSTEKS: 1 Kor 6:12-20

Omdat ook ons liggame aan die Here behoort, is dit deel van die troos waarvan die Bybel ons vertel:
- dat die Here vir ons liggame sal sorg
- dat selfs my dooie liggaam ook nog steeds aan die Here behoort
- dat my liggaam eendag weer lewendig en volmaak gemaak sal word en vir ewig by sy eintlike Eienaar sal woon

Dis verkeerd om te dink dat christenskap net met jou siel te doen het en dat jou liggaam en wat daarmee gebeur, nie regtig vir die Here saak maak nie.
Ook ons liggame en ons liggaam-like lewe het alles met die Here te doen. Ook ons liggame deel in die genade wat die Here aan ons bewys. Die Here is die Here van ons siele & ons liggame…
ons ALLES!

KOM WORD DEEL VAN DIE HARTKLOP VAN ONS GEMEENTE!

Skakel in by onderstaande Gemeente-aksies of 'n Omgee/ Kleingroep (kontak Kerkkantoor , 021 853 5991)

HOU ASB IN GEDAGTE DAT DIT 'N JAAR-PROGRAM IS, DUS SAL DAAR ONDERLINGE REëLINGS WEES INDIEN DAAR AFWYKINGS IN TYE OF DATUMS IN DIE WEEK IS

MAANDAG:

19h00: Rapha Vrouegroep (elke 2de Ma.)
Jackie Strauss; 084 505 2908;
(Sien byeenkomsdatums in Gemeentegids)

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DINSDAG:

09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool:
Module 2&3 **@ Konsistorie of Raadsaal.**

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

WOENSDAG:

08h00: Sr. Mannebyeenkoms @ Kleinsaal
Louis Steyn; 083 415 3031
09:00: Gebedsgroep in Moederskamer;
Riana van Huyssteen; 084 888 8614
09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool:
Module 1&4 **@ Konsistorie of Raadsaal.**
12h30: SNUFFELMARK @ Kerksaal
Elke laaste Wo. van maand
Skakel Kerkkantoor: 021 853 5991

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DONDERDAG:

08h00 Gebedskursus
Kontak: Annalie Botes @ 021 854 4620

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

VRYDAG:

05h30: Mannebyeenkoms @ Smiling Oven;
Nic Huisman; 082 552 2423
06h00: Mannebyeenkoms @ Konsistorie
Ds. Leopold
19h00: #espresso-jouself Koffiekroeg vir jong volwassenes **@ Kleinsaal (Broadway-kant)**
Pieter Mouton; 083 391 5507

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

MAT 18:20 "want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle."

NUWE INTREKKERS?

Baie

by ons Gemeente!

In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken waarna iemand in die Kerkkantoor jou sal kontak.

Die boekie is ook daar vir ENIGE IEMAND wat 'n huis-besoek verlang, voorstelle, of gebedsversoek het.

Kom drink na die diens
'n heerlike koppie tee/koffie in die voorportaal saam met ons.

PRODUKTE WAT BENODIG WORD VIR DIE KOSKAS

ONTHOU produk (te) hoef nie meer as R20 te wees nie.....
ELKE BIETJIE HELP

(Gebruik mannasakke by deure of gee vir Wyk se Kosmandjie)

Pakkies Sop en sakkies sopmengsels
Blikkies Vis & Bief
Blikkies gemengde groente
Pakkies Soya Mince
2 Minute Noodles
Spaghetti & Macaroni
Klein pakkies suiker, koffie en tee
Poeiermelk & Boksies melk
Toiletpapier
Tandepasta, Seep, Sjampoe, Doekies
Skoonmaakmiddels

DIT WORD Sóóó WAARDEER!
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

IS DAAR DAE WAT JY **"AF"** VOEL?
KRY JY **SWAAR**?
SUKKEL JY OM GEESTELIK EN LIGGAAMLIK **STERK** TE BLY?
HET JY **GEBED** OF **BEMOEDIGING** NODIG?
ONS WIL JOU SÓ GRAAG BYSTAAN!

Kontak: Joubert van Tonder @ 082 949 2045

TERUGVOERING / GEBEDSVERHORING:
Ons wil baie graag ook weet hoe dit gaan met almal vir wie ons bid.
Hou ons asb op hoogte. Skakel kerkkantoor @ 021 853 5991

BELOFTEROLLE: Ons wil jou graag uitnooi om agter in die kerk 'n belofterol te neem. Dis gratis en deel van die Gebedsbediening. Dit kan ook as gebede gebruik word.

BYBELSKOOL: Begin 6 & 7 Februarie

GEBEDSKURSUS: Begin 8 Februarie

RAPHA VROUEGROEP: Begin 05 Februarie

MANNEGROEPE:
Leopold se groep (in konsistorie) begin 19 Januarie
Nic se groep (by Smiling Oven) begin 19 Januarie
Senior Mannegroep (Kleinsaal) begin 17 Januarie

Indien jy belangstel om aan te sluit of navrae het, kontak vir Jackie by die Kerkkantoor (021 853 5991)

Here, waar wil U my gebruik?

VOORSTEL: KERKRAAD

Karin Kuys - Kinderkerkbediening

GEMEENTEKALENDERS is beskikbaar by Kerkkantoor
Kontak 021 853 5991 indien jy nie kan kom haal nie.

Jy kan nou die **ZAPPER selfoon toepassing** as 'n addisionele manier vir Bankkollekte en Dankoffer bydraes gebruik. Laai die "APP" gratis af van jou selfoon se "app store" Jy sal van elke transaksie verwittig word deur Zapper.
Vir meer inligting of navrae:
Charlene @ 021 853 5991

zapper
pay with
VISA
and many more
www.zapper.com
scan to pay this bill

NUWE KERKSEISOEN: Epifanie

Die fokus van dié seisoen is die viering van God se verskyning en bekendwording aan ons. Dit wentel rondom die epifaniefees, wat die eerste keer op 'n Sondag gevier is en al van die tweede eeu af op **6 Januarie** gevier word.
In dié fees gaan dit oor die "verskyn-ing" of "Godsverskyning" en die naam word herlei van die Latynse Epiphanie (of Theo-phanie) vanuit die Griekse “epiphaneia” en “theophaneia”, wat op God se verskyning / manifestasie, in Jesus dui.

Aanvanklik is Jesus se geboorte en sy doop met die fees gevier. Later is die besoek van die wyse manne en Jesus se eerste wonderwerk (te Kana) ook bygebring. In die sewende eeu het 'n misdiens vir die jaarbegin gebruiklik geraak. Tydens dié fees is Christus as die Heer van die tyd verkondig. Gedurende die dertiende eeu het Rome die gebruik om Jesus se naamgewing en besnydenis, wat in Spanje en Frank-ryk op 6 Januarie gevier is, oorgeneem en op die nuwejaarsdag begin vier.

In die tyd ná Epifanie is die fokus Jesus se vroeëre bediening en sy leer. Die seisoen eindig op Vasdinsdag.
Dit is die dag voor Aswoens-dag, wanneer Lydenstyd begin.

Lees meer oor Epifanie onder D6 bronne (resources) of ons Webwerf: www.lourensrivier.co.za